GrysKrag GreyPower

Nuusbrief

Newsletter

April/Mei

April/May

2014

Volume 3, No. 1

INSIDE THIS ISSUE:

| | |
|---|---|
| Begroting fokus op ekonomiese groei | 1 |
| Report faulty e-tags immediately | 1 |
| Esias Bosch: Vader van SA keramiek | 2 |
| Remain vigilant in complexes | 2 |
| Ons nasionale voël: die bloukraanvoël | 2 |
| Five signs and symptoms not to ignore | 3 |
| Sudoku - raaisels | 3 |
| Die oordrag van eiendom | 3 |
| Beginner's guide to Ageing | 4 |

## BEGROTING FOKUS OP EKONOMIESE GROEI

Die 2014/2015 begroting fokus op ingrypings wat daarop gemik is om die ekonomie op 'n nuwe groeibaan te plaas.

Die Regering se hoofoogmerk, soos in die Nasionale Ontwikkelingsplan uiteengesit, is om reële ekonomiese groei na tussen 5 en 6 persent per jaar te verhoog. Hierdie hoër vlak van ekonomiese groei sal inkomste 'n hupstoot gee en die regering in staat stel om die hoeveelheid geld te verhoog wat spandeer word om mense se lewens te verbeter deur werkloosheid en armoede aan te spreek.

Die ekonomie het teen 'n beraamde 1,8 persent in 2013 gegroei. Toestande in die land, tesame met die stadige herstel van die wêreldekonomie, het 'n verlangsaming in produksie en indiensnemingsgroei tot gevolg gehad. Die ekonomie sal na verwagting 2,7 persent in 2014 groei.

Verskeie faktore sal hierdie verwagte verbetering ondersteun. Besteding deur die Staat op infrastruktuur — na verwagting R847.3 miljard oor die volgende drie jaar - behoort vertragings in die voorsiening van elektrisiteit en vervoer te verminder en privaat beleggings aan te moedig, terwyl sterker indiensnemingsgroei huishoudelike besteding sal ondersteun. Suid-Afrika behoort ook baat te vind by verbeterde uitvoergeleenthede wat deur beter globale vooruitsigte geskep word.

Die oprigting van nuwe en opgradering van bestaande infrastruktuur — wat die uitbreiding van elektrisiteitsvoorsiening, belegging in geïntegreegde openbare vervoer-netwerke en die rehabilitasie van die land se vyf groot wateroordragskemas insluit — is die middelpunt waarom die regering se beplanning draai.

Suid-Afrika sal ook voordeel trek uit die aktiewe uitbreiding van handel en beleggings in die Afrika kontinent. Die verwagte sterk groei in sub Sahara–Afrika sal help om Suid-Afrika se ekonomiese vooruitsigte oor die volgende drie jaar te verbeter.

Die Regering sal dus toenemend sy beleid rig om ekonomiese integrasie met die Afrika kontinent te ondersteun. Vir verdere inligting besoek:

**www.treasury.gov.za**

## REPORT FAULTY E-TAGS IMMEDIATELY

Problems with the e-toll system seem to be mounting daily, and Sanral has now confirmed that some e-tags may be faulty.

Bakwena, in cooperation with Sanral, shared a few tips on how to figure out whether your e-tag is faulty. Carmaine van Wyk from Bakwena said a faulty e-tag could result in the tag not making a beep noise when passing a gantry or if a boom, when entering a toll plaza, does not open.

"When you pass a gantry and the e-tag beeps twice, it means that your e-toll account balance is low and needs to be topped up. If an e-tag makes a very low-key sound, it could mean the battery is running low and needs to be replaced."

If these problems continue after topping up or replacing the battery, it could be an indication that the e-tag is faulty. You should take a faulty e-tag to the nearest e-toll Customer Service Centre and get them to test it.

When an e-tag was lost or stolen you need to report it as soon as possible, as the owner of the tag will be responsible for payment.

For further information visit: **www.nra.co.za.**

# ESIAS BOSCH: VADER VAN SUID-AFRIKAANSE KERAMIEK



Esias Bosch (1923-2010)

Esias Bosch is op 11 Julie 1923 as plaasseun op die Vrystaatse dorp Winburg gebore - en kon as kind in sy landelike omgewing nie veel meer uiting aan sy kunstenaarstalent gee as om mooi klei-osse te maak en die vorms van wolke te bewonder nie.

Esias het aan die Hoër Volkskool skool gegaan waar hy in 1942 gematrikuleer het. Nadat hy sy B.A. graad in 1946 voltooi het is hy na Kimberley waar hy kuns aan die Diskobolosskool vir gestremdes doseer het.

In 1949 is hy met 'n beurs om in keramiek te studeer aan die Central School of Art and Design in London, per skip Engeland toe.

Daar het hy besluit dat hy eintlik 'n pottebakker wou word. Esias het onder leiding van Raymond Finch van die Winchcombe-pottebakkery lang ure gesloof om die dissipline en die basiese vaardighede van dié kuns te bemeester - en geweet dat hy een van die eerste ateljee-pottebakkers in Suid Afrika sou wees.

Hy het in 1952 in Suid-Afrika aangekom waar hy hoof van die keramiekdepartement van die Durbanse Kunsskool was.

Bosch het sy eerste kunsuitstalling in 1956 in Pretoria gehou. Sy loopbaan is gekenmerk deur verskeie kunsfases wat hy kon bemeester het. Hy het erdewerk, steenwerk en porseleinkuns beoefen, voordat hy met teëlsierkuns begin het. Sy muurteëls is onder meer te sien op die O.R. Tambolug-hawe en in die voorportaal van die Vinyardhotel in Nuweland.

# REMAIN VIGILANT IN COMPLEXES



Be vigilant of strangers

Residents who live in security complexes or secure areas should not be fooled by a false sense of security. Instead, they should apply the same safety precautions as those who do not live in these areas, police warned.

If there is a noise at your unit or you suspect there might be someone attempting to break in, switch on all lights outside. Call the sector patrol and give the members as much information as possible regarding the situation. Stay on the phone with them until the police arrive. Residents should ensure that the outside of their property has sufficient lighting and it is also wise to get to know one's neighbours and build a good relationship with them as they are the closest to help in cases of emergencies.

Before entering your property, make sure no one is hanging around and is a potential threat. Always be aware of your surroundings and of people around you. A potentially dangerous situation can be avoided by being vigilant and aware.

The police also advised residents to be vigilant of strangers in the area, to always report such persons to the police and not approach them yourself.

Do not leave your valuables in the vehicle, at home, work or when parked at shopping centres.

Make sure that when you lock your vehicle, it is indeed locked.

Do not travel with handbags on the passenger seat.

# ONS NASIONALE VOËL



Die Bloukraanvoël

Bloukraanvoëls kom slegs in Suidelike-Afrika in die natuur voor, en veral in sekere van ons natuurstreke is hulle in hul element: op die grasvelde en geploegde landerye van veral die Wes– en Oos-Kaap, KwaZulu-Natal, die Noord-Vrystaat en Gauteng.

Die bloukraanvoëls skarrel hier op hul daaglikse snuffeltogte agter sade, insekte en klein reptiele aan. Hul kenmerkende, betreklike hoë ge-"kraaarrk" kan wel van ver af gehoor word, maar hulle is gewoonlik bra swygsaam.

Ons elegante, ligte blougrys, nasionale voël met sy knopkieriekop en lang, biesierige bene is sowat 'n meter hoog. Hulle wei saam-saam in pare of as klein familiegroepe, en die wyfies lê hulle eiers sommerso in die oopte, baiemaal naby water.

Kraanvoëls is goeie voorbeelde van moderne ouers. Albei geslagte help met die bou van 'n nes, asook die uitbroei en grootmaak van kleintjies. Gespikkelde eiers, meesal twee op 'n keer, word gewoonlik gelê in 'n vlak stoppelnes. Ons uitsonderlike bloukraanvoël is baie hoog op die lys van voëls wat dringend beskerming nodig het.

## FIVE SIGNS AND SYMPTOMS NOT TO IGNORE

Take note of important signs and symptoms - from unexplained weight loss to sudden flashes of light - and know when to seek medical care.

Here is a list of five signs and symptoms that merit attention:

**Unexplained weight loss:** Loosing weight without trying might sound like a dream come true, but in reality it can signal a health problem. Drop in weight can be caused by various conditions - including overactive thyroid or diabetes.

**Persistent or high fever:** A fever is not necessarily a cause for alarm. If you have had a fever for more than three days, however, get checked by your doctor. Persistent fever can signal a hidden infection, which could be anything from a urinary tract infection to tuberculosis.

**Shortness of breath:** Shortness of breath that feels more severe than what's caused by a stuffy nose or physical activity could signal an underlying health problem. Causes for breathlessness may include chronic obstructive pulmonary disease, chronic bronchitis, asthma, pneumonia or blood clot in the lung.

**Flashes of light:** Bright spots or flashes of light and other visual disturbances sometimes indicate a migraine, in other cases, sudden flashing lights could signal retinal detachment. Immediate medical care can help prevent permanent vision loss.

**Feeling full after eating very little:** If you consistently feel full sooner than normal or after eating less than usual, get checked by your doctor. This feeling, known as early satiety, also may be accompanied by nausea, or bloating.



**Know when to seek medical care**

## SUDOKU-RAAISELS

Die naam "*Sudoku*" is die Japannese afkorting van 'n langer frase, "*Suuji wa dokushin*" wat beteken die syfers moet enkel bly. Dit is 'n handelsmerk van Nikoli in Japan.

Sudoku is 'n kopkrapper wat gegrond is op 'n logiese plasing van syfers in 'n 9x9 rooster. Hierdie rooster bestaan op sy beurt uit nege 3x3 roosters, en word afgeskop met verskeie syfers wat in party selle voorsien is. In elke ry, kolom en 3x3 rooster mag enige syfer slegs eenkeer voorkom. Om die kopkrapper te voltooi verg uithouvermoë en logiese vaardigheid.

Alhoewel die raaisel vir die eerste keer in 1895 in 'n Franse koerant gepubliseer is, het dit gedurende 1986 in Japan 'n oplewing beleef, en het dit in 2005 internasionaal gewild geword.

Die syfers in *Sudoku*-raaisels word slegs vir gerief gebruik: die wiskundige verhoudings tussen syfers is heeltemal oorbodig, en enige stel simbole sal voldoen: letters, vorms of selfs kleure kan gebruik word sonder om die reëls te verander. Vir eenvoud word daar in hierdie artikel na syfers verwys.

Die aantrekkingskrag van hierdie raaisel is sy eenvoudige reëls, alhoewel die redenasie wat tot voltooiing lei, somtyds kompleks kan wees.

*Sudoku* word deur sommige leerders aangeraai as 'n oefening in logiese beredenering. Die moeilikheidsgraad van die raaisels kan gekies word om by die gehoor te pas. Die raaisels is verder dikwels vryelik beskikbaar in gepubliseerde bronne, maar kan ook nuut geskep word deur rekenaarprogramme.

Volgende keer verduidelik ek vir u die drie strategieë of prosesse om die *Sudoku*-raaisel op te los. [*Redakteur*]

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | 3 | | | 7 | | | | |
| 6 | | | 1 | 9 | 5 | | | |
| | 9 | 8 | | | | | 6 | |
| 8 | | | | 6 | | | | 3 |
| 4 | | | 8 | | 3 | | | 1 |
| 7 | | | | 2 | | | | 6 |
| | 6 | | | | | 2 | 8 | |
| | | | 4 | 1 | 9 | | | 5 |
| | | | | 8 | | | 7 | 9 |

**'n Sudoku-raaisel**

## DIE OORDRAG VAN EIENDOM

Die oordrag van eiendom kan 'n betreklik gekompliseerde en uitgerekte proses wees.

Die volgende stappe moet gevolg word:

Die eerste stap is die ondertekeninge van die verkoopkontrak. Die eiendom moet op die kontrak geïdentifiseer en die verkoopprys aangedui word.

Die verkoper stel die oordrag-prokureur aan. Die prokureur moet seker maak dat al die inligting wat verskaf word korrek is.

'n Uitklaringsertifikaat moet vir munisipale en deeltitelheffings en die eiendom se elektriese installasies uitgereik word.

Oordragkoste moet aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens betaal word.

Oordragdokumente word opgestel en deur die onderskeie partye onderteken voordat dit by die aktekantoor ingedien word.

Die aktekantoor behartig die registrasie.

Die oordrag-prokureur stel alle partye in kennis wanneer die registrasie afgehandel is en behartig die betaling aan die verkoper.

Die registrasiedokumente word na die eienaar gestuur of aan die verskaffer van die lening gegee vir bewaring totdat die lening afbetaal is.

GrysKrag GreyPower

Address

2de Vloer/2nd Floor

318 The Hillside

Lynnwood, PRETORIA

Phone

(012) 348 - 3087/8706

Fax:

(012) 348 - 5644

E-mail

GreyPower

plus50@telkomsa.net

Editor

Martie Squier at:

martie.squier@gmail.com

## GreyPower as an Association

GreyPower is a country-wide non-profit organisation that was founded in 1995. It is a service and goodwill association for persons of fifty years and older as well as for those who are unemployed due to early retirement.

### Vision and Mission

The vision of GreyPower is to actively promote and develop the dignity, quality of life and social security of its members in order to enable them to continue functioning as participating responsible and active members of their communities.

The mission of GreyPower is to keep its members informed about developments that affect their interests and to support them through specialized information and guidance to enable them to handle their personal interests effectively.

**WOULD YOU LIKE TO JOIN GREYPOWER? CONTACT US!**

## BOOK REVIEW




**Title** A beginner's guide to ageing.

**Author:** Jean Fischer.

**Price:** R150.00

**Date:** 2012

**Publisher** Wordweaver

**Total pages:** 152 p.

**Background:** A former journalist, now in her seventies, explores a new world of ageing.

The book sets before the reader a roadmap indicating the avenues leading to a better quality of life: one of optimism, healthy eating, mental and physical exercise, a sense of humour, the need for new adventures—small, medium and large—and the making of fresh memories instead of relying solely on those from yesteryear. There are clues to search for serenity, the learning of new skills, and coming to terms with the art of the possible.

Written in a cheerful and friendly style to inform, amuse, comfort and inspire, this book brushes away the dusty cobwebs of outdated concepts about ageing and encourages the reader to join in a new momentum—to seize opportunities for growth and a zest for life and emerge fitter and more vital than their parents and grandparents before them.

It is not so much about ageing as about a celebration of life, where the spirit is light like youngish white wine.

Jean Fischer's career as a journalist and feature writer spans fifty years. This is her first book. She lives in the small town of Omaruru, Namibia, with her husband, a cat and two horses.